UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## Ruth Baitsewe
## Passievol oor taal

New cutting-edge facilities for SU

Taalsentrum vier 10de bestaansjaar

Mark Tomlinson shares his research

Eet gesond, leef gesond

JAAR 20#9 NOVEMBER 2012 YEAR 20#9 NOVEMBER 2012
US Personeelblad SU Staff Magazine

# contents inhoud

My kampus: Ruth Baitsewe se passie vir taal ........................ 3
Registrar's Division launches mentorship project................ 4
US open telematiese sentrum in Bloem .................................. 5
Personeel ontvang langdienstoekennings................................ 6
Nuwe sportplan vir US .............................................................. 7
Africa Aids Centre and Ukwanda open .................................. 8
Taalsentrum vier dekade........................................................ 10
Big prizes for pianist Sulayman Human................................. 12
Kampuslewe: Eet, lees en kuier............................................. 13
Welwees: Verslank só vinnig.................................................. 14
Chatting to prof Mark Tomlinson.......................................... 15


10


12


15

*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Anton Jordaan
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

Universiteite bestaan lankal nie meer net uit fakulteite en departemente nie. Vandag is daar talle sentrums en afdelings wat nie net die universiteit in navorsing, leer en onderrig, asook gemeenskapsinteraksie steun nie, maar 'n ewe groot rol in die uitbouing van ons akademiese aansien speel soos fakulteite en departemente.

Einde Oktober is die Afrika-sentrum vir MIV en Vigsbestuur in Stellenbosch en die Ukwanda- Landelike Kliniese Skool in Worcester amptelik ingewy. Albei sentrums speel 'n reuse-rol in die opleiding van kundiges in die gesondheidsektor.

Op bladsy 8 vertel ons jou meer oor die moderne en toonaangewende fasiliteite van dié twee HOOP Projek-inisiatiewe.

Nog 'n sentrum van die US wat 'n al hoe belangriker rol op kampus speel, is die Taalsentrum. Vandeesmaand vier dié sentrum sy tiende bestaansjaar, en dit klink of hulle selfs nog bedrywiger gaan word.

Prof Leon de Stadler, Direkteur van die Taalsentrum, skryf op bladsy 10 oor hul hoogtepunte en wat die volgende tien jaar vir die Taalsentrum inhou.

This month, *Kampusnuus* also features staff members who excel in their work. Prof Mark Tomlinson talks about his research, while Ruth Baitsewe (our cover personality this month) shares a day in her life at the office.

In October, *Kampusnuus* won an Excellence Award in the annual competition of the organisation for Marketing, Advancement & Communication in Education (MACE). I would like to thank all our contributors – from staff members who share their stories in *Kampusnuus* to those who design and print our final product each month – for making this possible.

A publication like *Kampusnuus* is not at all possible without people who are willing to tell their stories and those who engage with this magazine.

So remember: Write to us at kampusnuus@sun.ac.za or comment on the University's Facebook page or on Twitter.

Wayne

## KAMPUS klets

What a great event! (Africa Day celebrations) However, please make sure you advertise it better so more students get to know about it. So far the majority of the students has NOT heard about it at all! PGIO, please beef up your services and your activities; it would be very important that SU finally gets a more organised, more efficient PGIO in the future! Enjoy!! – *Steph*

Baie geluk dr Mary-Ann (Plaatjies van Huffel; sien bladsy 5). Die vroue in die VGK is trots op u en verwag nog groot dinge van u op kerk-, akademiese sowel as gender-vlak. – *Ydalene Coetsee*

Ongelooflik! Well done! (aan die Stellenbosse Universiteitskoor wat as die beste koor wêreldwyd gelys is deur Interkultur.) Dit is die wonderlikste prestasie en ja, min mense weet regtig van Suid-Afrika! Laat ons hulle nou 'n ding of twee leer. Hoop ons kan hulle iewers nog gaan luister. André van Merwe, well done!!! – *Benita van Zyl*

Only at Stellenbosch University will 6 of my previous passwords still grant me access to Inetkey, but none of my passwords let me check my emails. How does that work? – *Antoni Schonken*

So proud of our (Paralympic) athletes!! – *Nitta Sukha*

Ons is baie trots en bly dat Mary-Anne (Plaatjies van Huffel) tot die amp geroep is. (Sien bladsy 5) Ons bid haar alle sterkte toe. – *Francis Fourie*

Pectora roborant cultus recti – A sound education strengthens the spirit @StellenboschUni got it right here. There is nothing (more) true. – *Dumisani Mahlangu*

Wow! DP Kgalema Mothlante just said how @StellenboschUni choir performed as example of SA multiculture coming together. – *Stefan Els*

*You are welcome to write to Kampusnuus. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physicial address (not for publication). Kampusnuus reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter (stellenboschuni).*





# 'n Passie vir taal

*Om US-personeellede en -studente, asook buite-kliënte deur taal te bemagtig en hulle te wys wat alles met taal moontlik is, maak haar werk die moeite werd, sê Ruth Baitsewe, Adjunkdirekteur van die US seTaalsentrum en Hoof van die Eenheid vir Dokumentontwerp. Deur ALEC BASSON.*

**My dag bestaan gewoonlik ...** uit 'n vergadering met die direkteur van die Taalsentrum, prof Leon de Stadler, waar ons die dag-tot-dag beplanning doen. Hier bespreek ons aspekte soos finansies, taalbeplanning en die kommersialisering van die Taalsentrum se dienste. 'n Belangrike aspek van my werk is juis die bestuur van die sentrum se kommersialisering. Verder bied ek verskeie werkswinkels vir universiteitspersoneel en buite-kliënte in dokumentontwerp en professionele kommunikasie, soos die skryf van notules en korrespondensie, aan. Een van ons nuutste fokusse is werkswinkels oor verstaanbare taal ("plain language"), wat ek saam met 'n regskenner aanbied. Ek werk ook aan spesifieke projekte vir die Universiteit soos die herskryf van bepaalde dokumente. Een van die dokumente wat ons vroeër vanjaar gedeeltelik herskryf het, is die Universiteit se voorgraadse aansoekvorm.



**By die Eenheid vir Dokumentontwerp streef ons daarna ...** om al ons dokumente so effektief moontlik vir ons lesers te maak. Al ons eenhede binne die Taalsentrum – of dit nou die Eenheid vir Dokumentontwerp is of die Skryflaboratorium wat konsultasies aan studente bied – wil kliënte deur middel van taalondersteuning en kommunikasievaardighede bemagtig.





**Dit is vir my lekker om by die Universiteit te werk ...** omdat daar altyd vernuwing en ontwikkeling is. Ons is altyd besig om vorentoe toe te beweeg. Hier word jy ook toegelaat om jou passie uit te leef. By die Taalsentrum is geen twee dae dieselfde nie. Daar is elke dag verskillende aspekte waaraan ons aandag kan en moet gee. Ek geniet dit veral om aan projekte te werk en vir kliënte te verduidelik wat hulle alles met kommunikasie kan doen. Dit is lekker om kliënte se dokumente so te herskryf en te herontwerp dat hulle voel hul gewenste beeld word daarin weerspieël.

**In my vrye tyd ...** dans ek graag. Ek is mal oor dans omdat dit 'n manier is om te ontlaai. Verder oefen ek gereeld in die gimnasium en stap in die berg. Wanneer ek die kans kry probeer ek soveel as moontlik lees en met vriende kuier. Ek hou ook baie van reis, en probeer ten minste een keer per jaar oorsee gaan.

*Foto's: ANTON JORDAAN*

# Registrar's Division launches mentorship project

The staff of the Registrar's Division launched a mentorship project at Lückhoff High School in Idas Valley on Tuesday, 25 September. This voluntary initiative, which is headed by Ghafsa Gamiet, Assistant Registrar: Scientiae, was positively received by the school community.

The idea of a mentorship project came about when staff members of the Registrar's Division asked themselves how they could contribute to SU's HOPE Project. It soon became apparent to these staff members that the answer could be found in their own ranks as they possess ample, relevant information that would enable them to act as mentors to high school learners.

Apart from technical knowledge regarding the tertiary teaching sector, they are also familiar with the services other divisions at the University provide. The Division for Community Interaction and the Centre for Prospective Students were thus initially approached to determine how this project could slot into existing interventions.

At the launch each learner completed a form to indicate their interest to participate in the project. The idea is that a mentor from the Registrar's Division will be allocated to each learner. This mentor will form a three-year relationship with the learner through regular contact and interest in the learner's academic well-being. The goal is thus to make a difference in the lives of these individuals and to inspire them for future tertiary studies.

For more information, contact Ghafsa Gamiet at ghgamiet@sun.ac.za.



*From left to right (back) are Shirle Cornelissen, Bianca Damon, Bevin Abels, Lynton Jacobs, Ervine Scholtz; (front) Babsie van Zyl, Sharon Lyners, Ghafsa Gamiet, Nicole Hartzenburg and Cindi de Doncker.*

# Pienaar kry nasionale prys

Die Operasionele Navorsingsvereniging van Suid-Afrika (ONSA) het sy nasionale prys vir uitnemende prestasie deur 'n huidige lid vanjaar aan prof Wessel Pienaar van die US se Departement Logistiek toegeken.

Operasionele Navorsing is 'n dissipline binne die wiskundige wetenskappe en dit word by verskeie universiteite aangebied.

In die huldigingswoord tydens die onlangse oorhandiging van die toekenning deur die president van ONSA is onder meer vermeld dat Pienaar as voorsitter van die departement van 1991 tot 2010 dit opgebou het tot waar dit vandag een van die grootste akademiese groepe van operasionele navorsingslui en studente in die land is.

Volgens prof Johann de Villiers, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, gee hierdie toekenning erkenning aan Pienaar se leiersrol in die herposisionering en uitbou van die departement. Hy sê Pienaar kon die departement daartoe lei om die voorste navorsingsdepartement in die fakulteit te wees – iets wat die meeste mense tydens Pienaar se aanstelling in 1991 waarskynlik as onmoontlik sou beskou het.

Pienaar sê dinge gebeur gereeld met hom in drieë: Benewens die ONSA-toekenning, is hy ook gekies as ondervoorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Daarby het sy internasionaal-gebruikte handboek, *Business Logistics Management: A Value Chain Perspective*, se vierde uitgawe pas by Oxford University Press verskyn.



*Prof Wessel Pienaar*



*DRIEKUNS: Die swemmer Heerden Herman (bo, links) is vir die derde jaar agtereenvolgens as die US se Sportman van die Jaar aangewys by Maties Sport se jaarlikse Erekleuredinee. Nog 'n swemmer, Charl Bouwer, is as die Sportman van die Jaar vir Persone met Gestremdhede aangewys. Die kanovaarder Robyn Kime het met die toekenning vir Sportvrou van die Jaar weggestap, terwyl die atleet Ilse Hayes as die Sportvrou van die Jaar vir Persone met Gestremdhede aangewys is. Hier ontvang Herman sy toekenning van Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel.* Foto: ANTON JORDAAN

# SU donates pianos to schools and music projects

Twelve deserving schools and music projects from the Cape Peninsula each became the proud owner of a piano when Stellenbosch University donated these instruments to them at a ceremony held in the Conservatoire's Fismer Hall. It forms part of a community interaction project of the University and its Department of Music.

About two years ago the Music Department acquired new practice pianos for the Conservatoire. After a tender process these pianos were bought from the firm Yamaha, of which the music store Musikhaus W. Heuer is the local distributor.

The University's piano lectures then came up with the idea of donating the nineteen pianos that were replaced to deserving schools and music projects.

Earlier this year, one of the pianos was donated to SU's Drama Department, while four others were awarded to different sections of the Conservatoire's Certificate Programme.

The University's Division for Community Interaction administrated the piano donation as one of its projects. Music schools and projects could apply, and a set of criteria were followed in deciding which organisations received pianos.

In his speech, Prof Russel Botman, SU Rector, said the project excites him: "The instruments will have a ripple effect. Where these pianos are going there are talented and enthusiastic young people waiting to play these piano keys. And now they will get the opportunity."



*Prof Russel Botman, SU Rector, with the sponsors and recipients of the pianos.* Photo: ANTON JORDAAN

# US open telematiese sentrum in Bloemfontein

Die hoogs suksesvolle telematiese uitsendings van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement wat per satelliet vanaf die US plaasvind, is na skole in Heidedal in Bloemfontein uitgebrei.

'n Spesiale telematiese sentrum wat vir dié doel ingerig is, is begin Oktober by die Dr Blok Sekondêre Skool – waar die US se Rektor, prof Russel Botman, sy hoërskoolopleiding voltooi het – geopen. Leerders van Dr Blok, asook Petunia en Heatherdale Sekondêre Skole baat by die telematiese dienste.

In die Wes-Kaap, waar die program al drie jaar lank aangebied word, was die gemiddelde verbetering in die matriekslaagsyfer van die deelnemende skole verlede jaar 10,9%, en by 20 van die 147 skole het die slaagsyfer met 50% of meer verbeter.

Die uitsendings word vanaf 'n ateljee by die US se Afdeling Telematiese Dienste gedoen, met interaksie van leerders per selfoon en internet. Ekstra lesse in Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Rekeningkunde, Lewenswetenskappe, Afrikaans, Engels en Geografie word aangebied.

Die program is vanjaar na 69 skole in die Noord-Kaap uitgebrei, en nou ook na die drie skole in Bloemfontein.


# Personeel presteer

**Prof Johann Mouton,** direkteur van die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) en die Afrika Doktorale Akademie (ADA) aan die US, is tot die raad van die Academy of Science of South Africa (ASSAf) verkies vir die 2012–2016 -siklus. ASSAf is die amptelike nasionale akademie vir wetenskap in Suid-Afrika en verteenwoordig die land in die internasionale wetenskapsgemeenskap. Die mandaat van die akademie beslaan alle wetenskaplike dissiplines.



**Dr Mary-Ann Plaatjies van Huffel** van die US se Fakulteit Teologie het geskiedenis gemaak toe sy as moderator van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) verkies is. Sy is die eerste vrou om so 'n pos in een van die groot Suider-Afrikaanse kerke te beklee. Plaatjies van Huffel doseer tans Kerkgeskiedenis en Kerkreg by die Fakulteit, en is ook medeleraar by die VGK-gemeente in Scottsdene, Kraaifontein.

**Prof Geo Quinot** van die Fakulteit Regsgeleerdheid het die gesogte Nasionale Uitnemendheid in Onderrig en Leer-toekenning van Heltasa (Higher Education Learning and Teaching Association) – CHE (Raad vir Hoër Onderwys) ontvang. Hy is een van vyf kandidate uit 38 wat gekies is vir dié toekenning, en sal dit op 29 November op die jaarlikse Heltasa-konferensie by die US ontvang.



# Personeel beloon vir 25 jaar se diens

Altesaam 44 US-personeellede het vanjaar langdiens-toekennings ontvang vir 25 jaar se getroue diens.

Dit is tydens 'n aandete-geleentheid by die Wallenburg-sentrum in Stellenbosch oorhandig.

Prof Russel Botman, US Rektor, het sy gelukwensinge oorgedra: "Dankie dat julle die gehalte hoog gehou het in moeilike tye, en dat julle deur die jare die US se suksesse gedryf het. Ons pluk vandag die vrugte van julle harde werk. Julle kan trots wees op jul nalatenskap by hierdie universiteit. Jul bydrae het 'n verskil gemaak in die lewe van duisende Stellenbosch-alumni, en deur hulle kon julle ook 'n verskil maak in andere se lewe."



*Van links agter: Arthur Layman, Johan Mostert, David Jackson, James Malindi, Godfrey Olivier, prof Awie Greeff; (voor) Franco Jantjies, prof Arnold Schoonwinkel, prof Julian Smith, prof Tobie de Coning, Suzette Olivier en prof Thinus Kruger.*



*Van links agter: Henriëtte Swart, Ralph Pina, Pierre Roussouw, Jos Weerdenburg, Joe Smith, Adri Roussouw, Wena van der Merwe; (voor) Harald Siebritz, prof Arnold Schoonwinkel, prof Julian Smith, prof Tobie de Coning, Hanlie Swart en Ferdi Zietsman.*



*Van links agter: Willem Daniels, Kerneels Botha, John February, Jakkie Blom, Gawie Cillié, Matthew Gordon, Marline Bell; (voor) Coreli Cillié, prof Arnold Schoonwinkel, prof Julian Smith, prof Tobie de Coning, prof Ronel Foster en Juliet Balters.* Foto's: HENNIE RUDMAN

# EBW wys top-dosente aan

Twaalf dosente van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) is beloon nadat hulle as die mees inspirerende voorgraadse dosente van 2012 aangewys is.

Hierdie dosente se onderrigvermoë en toeganklikheid het daarvoor gesorg dat hulle *Die Burger* se Topdosenttoekennings gewen het. Dié dagblad het prysgeld van meer as R230 000 geborg en op 19 Oktober tydens 'n glansgeleentheid aan die wendosente oorhandig.

Dit was vanjaar die tweede keer dat hierdie toekennings gemaak is. Finalejaarstudente van die Fakulteit het onlangs elektronies vir hul topdosente gestem.

Prof Johann de Villiers, Dekaan van EBW, het by die toekenningsgeleentheid gesê een van die moeilikste dinge om te bestuur is die gehalte van onderrig omdat dit onmoontlik is om te weet wat in elke klaskamer gebeur.

Tien topdosente het elk prysgeld van R10 000 gewen. Die algehele wenner, Rudie Nel, het R100 000 gewen en die naaswenner, Eloise de Jager, het R30 000 gewen. Albei is dosente in die Departement Rekeningkunde.

Volgens Nel is humor baie belangrik: "Jy moet dit geniet om klas te gee en jouself wees. Die interaksie met studente gee my die meeste bevrediging."




*Die top voorgraadse dosente van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is Elmarie Swanepoel, Rousseau Lötter, Sophia Brink, dr Edwin Theron, Eloise de Jager (naaswenner), Rudie Nel (wenner), Suzanne Kieviet, prof Stan du Plessis, Ivona Contardo-Berning, prof Pierre Erasmus, Lee-Ann Steenkamp en prof Sarel Steel.* Foto: DENZIL MAREGELE, *Die Burger*



# Groot sprong in sport

*Die US is bekend om uitnemende sport. 'n Verskeidenheid van gehalte-sportfasiliteite en sportverwante navorsing en dienste is 'n integrale deel van ons sportaanbod. Maar daar is nuwe planne om sport aan die US te herposisioneer sodat ons die uitdagings wat die 21ste eeu stel, kan klop. Prof JULIAN SMITH, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, vertel meer.*



**Wat was die dryfveer agter die Universiteit se sportplan tot dusver?**
Die optimalisering van sportbates en die benutting van die strategiese waarde van sport was die primêre dryfveer agter die US se eerste omvattende sportplan. Ander redes was die voortgesette en verbeterde uitnemendheid, diversiteitsbevordering en kommersialisering. Van die belangrikste oogmerke was die handhawing en verbetering van individuele en spanprestasies, verbeterde vlakke van afrigting en administrasie, die bevordering van die diversiteit van spanne en afrigtings- en administratiewe personeel, die generering van inkomste, asook (beperkte) fasiliteitsontwikkeling. Maar die opvoedkundige aard van die Universiteit moes voortdurend voorop staan.

**Hoe het dit in hierdie sportplan beslag gekry?**
Ons ligging het daartoe bygedra om die dorp en die universiteit 'n aantreklike sportbestemming te maak. Met die vinnig veranderende konteks waarin sportkommersialisering, professionalisering en die vermaaklikheidswaarde van sport al hoe meer prominent geraak het, is sport aan die US tot strategiese bate verklaar. Dit het 'n uitvoerende bestuursverantwoordelikheid geword. Gevolglik is die sportplan in 2004 ontwikkel, wat in die vooruitsig gestel het dat die sportbates van die US geoptimaliseer word (onder meer deur 'n sportmaatskappy) en dat sport die visie van die US behoort te ondersteun, veral ten opsigte van diversifisering en gemeenskapsontwikkeling.

**Waarom benodig ons dan 'n nuwe sportplan?**
Die huidige sportplan het sy doel gedien en die tyd het aangebreek om groter inhoud te gee aan die bestuursiening dat sport 'n strategiese bate is. Ons behoort onder meer 'n enkel, oorhoofse verantwoordelikheidspunt te vestig, genoegsaam te belê in infrastruktuur en menslike hulpbronne, en groter sinergie te bewerkstellig tussen die vier sporteenhede (die Departement Sportwetenskappe, die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe, Maties Sport en die Stellenbosch Universiteit Sportprestasie Instituut, oftewel SUSPI). Die uitdagings rakende die mandaat van SUSPI sal terselfdertyd aangepak word. Intussen het die sportlandskap in die kontekste van hoëronderwys en die dorp aansienlik verander. Die 21ste eeu het sy eie uitdagings in die algemeen, maar pertinent wat sport betref. Een hiervan is om 'n meer wetenskaplike benadering in te span tot die onderskeie marksegmente in sport. Daarby behoort gepaste vennootskappe en 'n dorpsbenadering tot sport prominent in die hersiene sportplan te figureer. Dit is deel van die waardevolle lesse wat ons geleer het met die implementering van die eerste sportplan.

**Wat word nou in die vooruitsig gestel?**
Met die US wat hom tans oriënteer as 'n 21ste-eeuse universiteit, is dit raadsaam om die bestuursbenadering tot en nut van sport te heroorweeg. Drie aspekte staan uit: die aandag wat die verouderende sportfasiliteite en -infrastruktuur behoort te kry as deel van die Kampusmeesterplan, die handhawing van voldoende uitnemende hoëprestasie-kundigheid, en die aktiewe benutting van die sosiale waarde van sport. Uiteraard verleen sommige sportsoorte hulle meer as ander om sosiale kapitaal te genereer en maniere sal gevind moet word om daarin te belê. Daarom is die Lentelus-sokkersentrum ontwikkel, en ander opwindende moontlikhede met onder meer professionele sokker word ook ondersoek. Dit is verder noodsaaklik dat die Kampusmeesterplan voldoende rekenskap gee van die aard en omvang van die fasiliteitsbehoeftes en dat omvattende, oordeelkundige en daadwerklike investering onderneem moet word. In ooreenstemming hiermee word 'n nuwe Olimpiese standaard swembad reeds gebou en word die kleedkamers van die gimnasium binnekort opgegradeer. Die sosiale waarde van sport is dat dit toeganklikheid en diversiteit, asook sosiale kohesie bevorder en help om die institusionele en gemeenskapsbelang te balanseer. Bowenal skep dit nuwe geleenthede vir strategiese vennootskappe en ondersteun dit kernelemente van die HOOP Projek en die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte. Uiteraard sal rolspelers en belangegroepe geraadpleeg word in die hersieningsproses.

**Hoe figureer SUSPI binne die nuwe sportplan?**
Die nuwe verskraalde direksie van SUSPI het as eerste taak die herstrukturering van die maatskappy en sal konsentreer op die behoud en uitbou van die sterkpunte van SUSPI en 'n nuwe besigheidsmodel ontwikkel wat relevant is tot die groter sportdinamiek aan Universiteite, maar ook die tendense van professionele sport in die moderne era. Oorhoofs moet dit by die nuwe denke oor sport aan die US inpas en die gees van en denke oor sport as strategiese bate uitdra – voorwaar 'n groot sprong, maar 'n opwindende uitdaging!

# Building a future

*Two new facilities were inaugurated in October which show Stellenbosch University's commitment to bringing hope for society. The Africa Centre for HIV and AIDS Management and the Ukwanda Rural Clinical School in Worcester – both HOPE Project initiatives – can now broaden their reach in addressing societal health issues.*

## Africa Centre for HIV and AIDS Management

With its modern façade and bright red accent walls, the new Africa Centre for HIV and AIDS Management on the corner of Joubert and Banghoek Street, Stellenbosch, looks like no other building on campus. And that was the intention, says Prof Jan du Toit, Director of the Africa Centre.

"Our courses in HIV and AIDS management don't really fit into a specific faculty and is designed to address social issues in an interdisciplinary way. Also, our student profile looks differently from the University's: 99% black students, 60% women, the average age is 43 years, the students come from 27 different countries, and they are all postgraduates who focus broadly on one topic: HIV and AIDS. We therefor wanted a building which portrayed this in the architecture," says Du Toit.

Previously, the Africa Centre was housed in the Industrial Psychology Building, but that space could not fulfil in their needs anymore.

The new building is built on an historical site, which was the beginning of the area which was known as Die Vlakte, from where coloured people were forcibly removed during the apartheid years. The exact spot where the Africa Centre is built was the netball fields of the Methodist Church School.

"I believe we personify hope by addressing the ills of the past and presenting courses which bring hope for a better life through education. But this new facility also makes it possible for our students to come to Stellenbosch and have a space where they can work and extend their research activity. We can now present seminars and short courses here and our educational theatre team has its own rehearsal room," says Du Toit.

## State-of-the-art facilities

The double-storey building houses ten single offices and two open-plan offices which can each accommodate ten staff members, as well as work stations for visiting students and scholars from across Africa.

Architect Arnold Barnardo, of the firm Van Biljon Barnardo Architects in Tyger Valley, designed the modern building and found it a challenge as it is situated next to a heritage site. Careful considerations were taken into account for the style of the building, while also keeping in mind certain norms and standards set by the University with regards to new buildings on campus.



Photos: JUSTIN ALBERTS

Functionality and ensuring a low carbon footprint influenced many of the decisions. A study of the sun and light exposure, for example, resulted in the use of large windows, letting in more natural light and thereby reducing electricity costs. There are no light switches – sensors measure the intensity of natural light and then only supply the amount of electrical light needed.

The air conditioning system is an energy-saving one which operates mostly on return air from the building and supply air via a two-way system to the south and north wing of the building respectively.

The colour scheme of red and white is timeless, sophisticated and a neutral pallet.

The new complex has an ample sized lecture hall to accommodate the Africa Centre's growing number of students. Besides offices, the building also has a big meeting room with wireless equipment and internet access, as well as fully-equipped kitchens.





Photo: WILHELM SADIE & PHIELIX ARCHITECTS

## Ukwanda Rural Clinical School

On 25 October, the Faculty of Medicine and Health Sciences opened the Worcester Campus – a new facility which houses various academic initiatives, including the Ukwanda Rural Clinical School (RCS) that was established last year.

This site will enable the Faculty to train more healthcare professionals to help address the critical shortage of doctors in the country. More medical students can also be accepted into the programme because a number of students can complete their final year at rural sites away from the campus at Tygerberg.

The Worcester Campus consists of an academic building and student residence. "The architect's theme was simplicity, modernity, bright, light, glass and white," says campus manager, Dr Frans Krige.

The academic building has an auditorium, five seminar rooms, office space for academic and administration staff and a function area. As a large percentage of the learning offer will be telematic, special planning went into the establishment of a modern computer and telematic learning area.

"We receive a lot of compliments about the building and the premises – staff, students and the public are very pleased with the design, finishes and the garden," says Krige. "The architect really outdid himself with an excellent design and attention to detail."

The residence can accommodate 40 students and was designed in units with four bedrooms sharing a kitchen. All rooms are equipped with en suite bathrooms, which is a major draw card for students. The campus is within walking distance of the Worcester District Hospital, which is one of the school's clinical training sites.

"The premises are very well suited for training. The property is next to the district hospital that recently underwent a R350-million upgrade by government," says Krige.

The Ukwanda RCS follows a hub-and-spokes design with the now-completed Worcester facility as the centre and five satellite sites in the surrounding area. The next step is to erect five training sites, known as academic spokes, with learning centres and accommodation in the rural towns of Ceres, Robertson, Swellendam, Hermanus and Caledon.

## Going for green

Ten per cent of the building's R65-million budget was allowed for "building green". Some of the main features include an energy-saving air conditioning system and solar heating for the residence – which will drastically reduce the Worcester Campus' carbon footprint.

The landscaping was done with strictly indigenous Karoo plants, many that were re-established from the building site. Local species require less water and it is envisaged that once established the garden will require little maintenance. The excess gravel from the building site was used to create an embankment next to the R60 road to eliminate noise pollution.

The Worcester Campus is not solely a facility for students in the health sciences, and the long-term plan is to attract other initiatives and facilities to the campus.

SU's science and mathematics bridging programme, SciMathUS, will also be presented at the Worcester Campus from 2013 onwards. This year-long programme helps students from educationally disadvantaged communities to gain access to higher education. Fifty students will be accommodated in Worcester in 2013.



# Tien jaar vol taal

*Vandeesmaand vier die US se Taalsentrum sy tiende bestaansjaar. Prof LEON DE STADLER, Direkteur van die sentrum, vertel van hul rol aan die Universiteit en hoogtepunte van die afgelope tien jaar.*

In 2002 is die Taalsentrum gestig teen die agtergrond van 'n nuwe taalbeleid wat innoverende taalbeplanning en -ondersteuning van die Universiteit sou eis. Om aan die eise te voldoen, is daar mettertyd vyf eenhede binne die Sentrum gestig wat elk hul eie besondere bydrae lewer: die Eenheid vir Afrikaans en Engels, die Eenheid vir isiXhosa, die Eenheid vir Dokumentontwerp, die Skryflaboratorium en die Taaldiens.

Die afgelope vier jaar het die Taalsentrum meer as 35 700 kliënte bedien, maar uiteraard gaan dit nie net om rou syfers nie. Die gehalte van die dienslewering word verseker deur verskeie vorms van evaluering, waaronder die eksterne evaluering van die sentrum in 2008 toe dit as wêreldklas-taalsentrum gekategoriseer is.

Die kwaliteit van die werk moet verder ook deur navorsing ondersteun word. Sedert 2002 het die Taalsentrum se bydrae tot navorsing oor taalbeplanning en -steun en professionele kommunikasie stadig maar seker toegeneem, veral binne die konteks van die Universiteit se Navorsingsprogram: Taalbemagtiging en Taalontwikkeling, onder meer deur 'n beduidende getal bydraes van personeellede in geëvalueerde vaktydskrifte, deelname aan kongresse en betrokkenheid by boekpublikasies.

Soos wat die US se Taalbeleid ook bepaal, is die bevordering van die Afrikatale deel van die Universiteit se visie, en daarom lewer die sentrum 'n bydrae deur byvoorbeeld die publikasie van drietalige terminologieë waardeur Xhosa veral as taal van die wetenskap uitgebou word. 'n Nuwigheid is die publikasie van 'n reeks drietalige sportterminologieë, waarvan dié vir sokker, rugby en krieket reeds verskyn het. Die publikasie van 'n kursusboek vir die gesondheidsektor en die aanbieding van kursusse in Xhosa vir personeel, studente en buitekliënte vul die diens ter bevordering van die Afrikatale verder aan.

'n Meertalige taalbeleid kan natuurlik nie werk sonder goeie taaldienste nie, en daarom maak die Taalsentrum voorsiening vir dienslewering in dokumentontwerp, vertaling, redigering en tolking aan die Universiteit, asook aan buitekliënte. Die Taalsentrum het, deur die werk van verskillende eenhede, reeds 'n hele paar groot projekte onderneem, waaronder die vertaling en redigering van *Britannica Junior: Ensiklopedie vir Suidelike Afrika*, projekte oor verstaanbare taal ("plain language") en rekenaargesteunde vertaling ('n deurlopende projek).

In die komende jare word beduidende ontwikkelings met betrekking tot die voorsiening van tolking in die klaskamer verwag en is die planne ook in plek om 'n leeslaboratorium vir studente te vestig en 'n gemeenskapsprojek oor leesontwikkeling uit te voer. Die personeellede van die Taalsentrum sien uit na hul volgende tien jaar van dienslewering aan die Universiteit!

### Taalsentrum in syfers

- Bedien meer as **2 750** studente per jaar in verskillende modules
- Skryfkonsultasies aan meer as **3 800** studente per jaar
- Dienslewering aan ongeveer **1 400** nagraadse studente per jaar
- Kursusse vir meer as **300** internasionale studente per jaar
- Kursusse en dienste in die gemeenskap waardeur nog **600** kliënte bedien word
- Altesaam **1 500** transaksies per jaar vir taaldienste soos vertaling, redigering en tolking
- Taaltoetsing van ongeveer **5 000** studente per jaar




*Die Taalsentrum se tuiste in Crozierstraat.* Foto: WAYNE MULLER

### Taaldienste

- Kredietdraende modules in akademiese geletterdheid, taalverwerwing en professionele kommunikasie
- Skryfkonsultasies vir studente
- Werkswinkels vir studente, personeel en buitekliënte
- Kursusse vir internasionale studente
- Dokumentontwerpdienste
- Taaltoetsing vir voorgraadse en nagraadse studente
- Taaldienste soos vertaling, redigering en tolking
- Die ontwikkeling van e-leerhulpmiddele
- Ontwikkeling van Xhosa-terminologieë
- Aksies binne die Bevorderingsplan vir Afrikaans
- Navorsing binne die Navorsingsprogram: Taalbemagtiging en Taalontwikkeling van die US
- Ondersteuning met taalbeplanning aan die US

## Pretresies vir taal

As deel van die Taalsentrum se vierings vir sy tiende bestaansjaar het die Eenheid vir Afrikaans en Engels op Vrydag 28 September 'n pretresies vir studente gereël. Die ongeveer 50 studente, hoofsaaklik van die Fakulteit Ingenieurswese en die Internasionale Kantoor, het baie entoesiasties die middag by Bosmanstraat 7 bymekaar gekom waar elk 'n T-hemp, pet en waterbottel ontvang het.

Die studente het in groepe van vier deelgeneem en moes een van twee roetes oor die kampus volg wat uit prominente geboue soos die Kweekskool, Ou Hoofgebou en die Neelsie bestaan het. Hulle het by elke gebou 'n leidraad (in Afrikaans en Engels) ontvang waarvoor hulle hul strategiese lees- en ontleedvaardighede moes inspan om die volgende stop op die roete te vind.

Ná slegs 'n halfuur het die wenspan – Ricky Chan, Ian Murphy, Maxwell Chiwawa en Tafadzwa Gurupira – by die eindpunt aangekom. Hulle het elkeen met 'n R500-kontantprys weggestap. Die tweede en derde pryse was onderskeidelik eetbewyse van McDonalds en Wimpy vir elk van die groeplede.



*Die pretresies se wenspan was Tafadzwa Gurupira, Ricky Chan, Maxwell Chiwawa en Ian Murphy.*

## Language scholars visit SU

On Friday 5 October, Stellenbosch University hosted two world-renowned language planning scholars, Professors Tove Skutnabb-Kangas and Robert Phillipson.

Both are recipients of the coveted UNESCO Lingua Pax Prize and visited South Africa as guests of the Academy of Science of South Africa. They are well-known for their work in the fields of language planning, multilingual education and language imperialism.

In a highly informative seminar they addressed issues such as the ineffectiveness of African language policies and the linguistic "genocidal" effects of the hegemony of English. In one of many lighter moments, Skutnabb-Kangas interjected: "Monolingualism is an illness, but there is good news: It can be cured!"

Skutnabb-Kangas and Phillipson said about SU's language planning initiative: "When we compare your work and results with other countries worldwide, there really is nothing similar. The language policy challenges and the need for urgent change in how multilingualism is handled in education are formidable. It is encouraging that some universities are acting constructively."



*Prof Leon de Stadler (centre), Director of SU's Language Centre, with Professors Tove Skutnabb-Kangas and Robert Phillipson.*

BLY JY IN ONDERPAPEGAAIBERG OF KOM JY MET DIE TREIN TOT OP STELLENBOSCH-STASIE?
Klim op die nuwe Matie Bus en kom maklik op die kampus en terug!
Dit kos net R5 per rit.
Laai geld op jou personeelkaart by die kassiere in Admin A. Betaal op die bussie met dié kaart.
Meer info op www.sun.ac.za/volhoubaarheid
Klim op en ry saam!
MATIE BUS
Volhoubaarheid Sustainability
Universiteit Stellenbosch University

# Piano student wins sought-after prizes

A talented young Maties pianist, nineteen-year-old Sulayman Human, was announced as one of the First Prize winners in the sixth annual Artscape National Youth Music Competition, held in Cape Town's Artscape Centre on 13 October.

Also in October, Sulayman won the Atterbury National Piano Competition in Pretoria, where he beat 33 young local pianists under the age of 19.

For the Artscape competition, Sulayman shares the first prize with another pianist, Kensuke Kawajiri (14) from Johannesburg. Both received exactly the same marks from the eight adjudicators and each won a gold medal and R25 000 prize money.

Also, the winners received the R4 000 Yalta Menuhin Award and medals as winners of the piano category. In addition, Sulayman received the Hubrecht Brody Prize of R5 000. As part of their first prize the two young pianists will perform at Hilton College near Pietermaritzburg next year.

Earlier this year, Sulayman also won the Hennie Joubert Piano Competition.

Sulayman is currently a second-year BMus student at SU's Conservatoire under the guidance of Prof Nina Schumann and Luis Magalhães.

It was only at the age of twelve that Sulayman, who grew up in Dysselsdorp near Oudtshoorn, started playing the piano. "I was in an aftercare centre and we were asked who would like to play the piano. Almost everybody put up their hands. We first had to do a theoretical test and eventually only twelve of us were chosen for piano lessons," Sulayman said in an interview with **Stephanie Nieuwoudt**.

Of the twelve learners, only Sulayman persevered, although he did not have a piano at home and could not use the school's piano afterhours. When he went to Oudtshoorn High School, however, he was allowed to practice on their piano after school.

In 2010, Sulayman became the first matriculant to win the Lionel Bowman Beethoven Competition, usually only open to university students. Since then he has also received the Graham Beck Music Scholarship, as well as the Absa KKNK Regro Bursary.

"I don't play for other people; I play for myself. To play the piano is simply something I do to get through the day," says Sulayman.



*Sulayman Human at the piano in SU's Conservatoire.* *Photo: STEPHANIE NIEUWOUDT*



With summer on our doorstep, it's time to go out and enjoy long lazy days in the sun. This month, *Kampusnuus* tells you more about the annual Nederburg picnic concert, held at this well-known wine estate in Paarl. Enjoy a lovely lunch at the quaint little restaurant Dipped Confections in the centre of Stellenbosch. Also, a new book on theology and gender in Africa is sure to provide stimulation reading.

## Lunch-time



De Wet Square, nestled between Plein, Dorp and Andringa Streets in Stellenbosch, is home to some of the quaintest restaurants in town.

Here you can enjoy anything from sushi to burgers and buffet meals to take-aways. Enjoying a meal in this sunny square with its cobble paving is perfect if you want to escape your workload at the office.

Dipped Confections is one of the De Wet Square restaurants you should visit for a wholesome and stylish lunch.

Their menu sports a wide variety. On a hot summer's day, why not enjoy a smoked chicken salad with the interesting combination of pineapple and camembert? They also have a variety of focaccia and toasted sandwiches with piquant fillings.

Be sure to visit Dipped on a Wednesday for their R31 burger special – with trimmings!

## Luister



Min dinge is so lekker soos 'n piekniek op 'n soel somersaand nie. Nog te meer as dit gedoen word met heerlike kos, 'n energieke musiekkonsert en op die grasperk van 'n gesogte wynlandgoed.

Talle wynplase in die Boland maak hierdie tyd van die jaar hul lowergroen grasperke oop vir die publiek om te kom piekniek hou. Jy hoef ook nie eens enigiets in te pak nie, want meeste van die plase verkoop piekniekmandjies vol smullekker kos en wyn wat van die plaas afkomstig is.

Een keer per jaar hou Nederburg in die Paarl boonop 'n piekniekkonsert op die grasperk van die landgoed se herehuis. Dié huis se lang stoep word 'n verhoog vanwaar van die land se voorste musikante die gaste vermaak.

Die piekniekkonsert sluit gewoonlik Nederburg se kamermusiekseisoen af wat maandeliks 'n konsert van klassieke musiek aanbied. Vanjaar word dit op Saterdag 24 November gehou. Op die program is een van die land se beste fusie-groepe, Coda (foto), asook die wenner van *SA's Got Talent*, James Bhemgee. Die Stellenbosse kabaretkunstenaar en US-alumnus Niël Rademan tree ook op.

Jy kan eenvoudig jou konsertkaartjie en piekniekmandjie bespreek, en sonder enige moeite die konsert geniet. Maar neem tog 'n kampstoel of piekniekkombers saam.

Die hekke open om 15:00 en die konsert begin om 17:00. Bespreek per e-pos by concerts@distell.co.za of skakel 021 809 8345 of 021 809 8106.

Vanjaar hou Nederburg ook 'n Nuwejaarsaandpiekniekkonsert op 31 Desember wanneer die Kaapse Filharmoniese Orkes onder leiding van Richard Cock sal optree.

Die jazzsangeres Melanie Scholtz en tenoor Derrick Ellis tel onder die kunstenaars. Kaartjies kan by Computicket bespreek word.

## Lees

In 'n nuwe boek onder redaksie van teoloë van die Universiteit Stellenbosch is die skrywers van mening dat kerke en teologiese instellings moet help om geslagsongelykheid in Afrika aan te spreek.

Proff Jurgens Hendriks en Elna Mouton, asook dr Len Hansen en Elisabet le Roux, 'n kenner op die gebied van geslagsgebaseerde geweld lug hul mening in die boek *Men in the pulpit, women in the pew? Addressing Gender Inequality in Africa* (Sun Media), wat onlangs by die US se Fakulteit Teologie bekendgestel is.

Dit bevat 'n versameling artikels deur teoloë uit sub-Sahara Afrika wat in Augustus 2011 tydens 'n werkswinkel van NetACT (Network for African Congregational Theology) oor geslagsgelykheid by die fakulteit gelewer is. NetACT word vanuit die fakulteit geadministreer en gekoördineer.


"Die boek fokus op die komplekse verband tussen godsdiens, kultuur en geslag en plaas geslagskwessies in die middelpunt van teologiese opleiding. Dit beklemtoon ook die verwoestende gevolge van die MIV/vigs-pandemie op Afrika-gemeenskappe," sê Mouton, 'n dosent in Nuwe Testament aan die US.

Die boek beklemtoon dat MIV/vigs bekamp kan word deur vorms van stereotipering, veral geslagsongelykheid, op genuanseerde en waardige maniere aan te spreek, voeg sy by.

Onderwerpe wat in die boek bespreek word, sluit in seksuele geweld, die impak van godsdiens en sieninge oor manlikheid op MIV-infeksies en geslagsgebaseerde geweld in Afrika, onderrig oor geslag by universiteite, gender-transformasie en leierskap, en die stryd teen geslagsgebaseerde geweld.

Volgens Hendriks, 'n dosent in die Departement Praktiese Teologie en Missiologie, en ook uitvoerende direkteur van NetACT, beklemtoon die boek die belangrikheid van samewerking en 'n gedeelde visie.

Medewerkers sluit in Gertrude Kapuma van die Zomba Teologiese Kollege in Malawi, prof Esra Chitando van die Universiteit van Zimbabwe, Mbali Harawa-Kitumbi (ook van die Zomba Teologiese Kollege), prof Hazel Ayanga van Moi Universiteit in Kenia, ds Simon Gillham van die Namibiese Evangeliese Teologiese Skool, prof Julie Claassens van die US, en prof Ester Mombo van St Paul's Universiteit in Kenia.




**Bestel die boek by www.sun-e-shop.co.za of skakel 021 808 3942.**

# Reg vir somer

*Die somer is hier en ons almal wil fikser wees en daardie wintervetjies afskud. Hoe nou gemaak? Goeie eetgewoontes is die geheim tot 'n gesonde leefstyl. Hier is 'n paar wenke wat jou sal help om jou doel te bereik.*

Die kenners meen dis nie net genoeg om hard te sweet as jy gewig wil verloor nie. Om strawwe oefening te doen maar steeds ongesonde kosse te verorber help nie veel nie. Gesonde kos en eetgewoontes sal sorg dat jy selfs vinniger van die vetrolle ontslae kan raak.

Om daadwerklik die vetjies te laat smelt en gesonder te leef, verg inspanning. As jy suksesvol wil verslank, is daar 'n kombinasie van ingrypings wat jy moet doen – die belangrikste daarvan dat jy besef dit gaan gepaard met 'n leefstylverandering.

Maak hierdie gesonde eetgewoontes deel van jou lewe:

- Sorg dat jy daagliks ses tot agt glase water drink.
- Eet minstens drie maaltye per dag wat verskillende voedselsoorte bevat. As jy honger raak tussen etes, drink 'n koppie tee, 'n glas dieetkoeldrank, vrugtesap, 'n koppie dun, helder sop of kou aan rou groente (soos wortelstokkies).
- Eet elke dag vier of vyf porsies groente en vrugte, waarvan ten minste een 'n goeie bron van Vitamien C (soos tamatie, kool, sitrusvrugte en koejawels), een 'n donkergroen groente (soos brokkoli, groenbone, spinasie en murgpampoen), of een 'n donkergeel of -oranje groente (soos wortels, pampoen en botterskorsie) is.
- Moenie lekkernye eet terwyl jy televisie kyk nie, want 'n mens is dan geneig om te ooreet. Beperk jouself deur versnaperings in kleiner porsies of houers te plaas. Eet eerder gesonde versnaperings soos sop, rou groente, vrugte, lae-vet joghurt, droë vrugte of neute.
- Kook, stoom, mikrogolf, bak in die oond of braai jou kos oor kole. Probeer om nie enige vorm van vet (soos margarien, olie, mayonnaise, room en kaas) by te voeg as jy kook nie.
- Beperk jou inname van vette, veral versadigde en transvette soos dierevette, sjokolade, klapper, harde margarien, volroomsuiwelprodukte, gebak (soos pasteie en koekies) en palmpitolies (soos koffieverromers en kunsroom). Gebruik eerder kanola-olie in plaas van sonneblomolie, en smeer liewer avokadopeer of grondboontjiebotter op brood in plaas van margarien.
- Verwyder alle sigbare vet van vleis, asook die vel van die hoender voordat jy dit gaarmaak. Hou vleisporsies klein, en koop die maer snitte. Moet ook nie te veel geprosesseerde vleis, soos wors, Weense worsies, polonie of salami eet nie.
- Eet twee tot drie keer per week vis, volstruisvleis en hoender. Gebruik ook gereeld soja-produkte (dit kan saam met maer maalvleis gebruik word of as 'n plaasvervanger daarvoor).
- Verhoog jou veselinname, want dit hou jou voller vir langer. Eet daagliks 'n hoë-vesel ontbytgraan of hawermout, en eet volkoringbrood pleks van witbrood. Ander kosse wat ryk is aan vesel sluit in peulgroente (droë ertjies, lensies, bone en soja), gort, stampmielies, stampkoring, bruinrys en volkoringpasta.
- Beperk die inname van room en produkte wat 'n roombasis het, soos roomsouse en roomsoppe. Vervang room in geregte met lae-vet of vetvrye maaskaas, lae-vet ingedampte melk of lae-vet Bulgaarse joghurt. Gebruik ook eerder afgeroomde of vetvrye melk, en beperk u inname van 2% lae-vet melk.
- En moenie vergeet om te oefen nie. Gereelde oefening sal help om ekstra kalorieë teen te werk.

**Moet nooit op 'n leë maag supermark toe gaan nie, want dan koop jy allerlei ongesonde lekkernye.**







# Research for Africa

*Prof Mark Tomlinson, a leading researcher in the Department of Psychology, recently received R5 million from Grand Challenges Canada (GCC) to study the long-term impact of an intervention to enhance the early mother-infant relationship in poor communities. LYNNE RIPPENAAR-MOSES spoke to him about the work he'll be conducting over the next two years.*

As many as 200 million children across the world fail to meet their full developmental potential because of the debilitating impact of poverty. But Prof Mark Tomlinson's work could prove vital in reversing the loss to human potential of many children growing up in impoverished communities in South Africa and the world. His research project is one of eleven across the world which will be funded by GCC for the next two years.



*Prof Mark Tomlinson* *Photo: ANTON JORDAAN*

**Why did you apply to GCC for funding for this specific project?**

Between 1999 and 2003 we conducted the Thula Sana study in Khayelitsha and colleagues and I were able to show how an early community-based intervention could improve mother-infant interaction and infant attachment. Unlocking human potential crucially depends on reliable parental care that is sensitive to the developmental needs of children. In the context of poverty and high adversity, the capacity of parents to provide the kind of care that promotes good child developmental outcomes can be compromised.

We applied to GCC for funding to follow up the original sample.

**What did the study in Khayelitsha entail?**

The original study was a randomised controlled trial of a low-cost intervention designed to be easily implemented by community health workers. They underwent a three-week training programme and received regular supervision. A total of 220 mothers were provided with intervention and were then compared to a control group of 229 mothers who did not. The intervention began in the last trimester of pregnancy and continued for six months postpartum. The intervention consisted of specific measures for encouraging mothers in sensitive, responsive interactions with their infant. Compared to controls at follow up, mothers in the intervention group were significantly more sensitive in interaction with their infants, and their infants were significantly more likely to be securely attached. In mothers most at risk, there was also a significant benefit of the intervention in terms of child cognitive outcome.

**What will the R5 million be used for?**

In the next phase of this study, we will focus on the long-term cognitive and social development of the same infants from the Thula Sana study at 13 years of age. There is emerging evidence that sensitive maternal care and associated secure infant attachment are strong predictors of a range of child developmental outcomes, including child growth and physical health status, child cognitive development and socio-emotional functioning.

**What is your field of expertise and what drives your interest in this field?**

Broadly my area of expertise is maternal and child health in contexts of high adversity. Ultimately, I think this is driven by a desire to find ways to improve the lives of infants, children and their caregivers in a global context characterised by appalling inequality.

**Who is Mark Tomlinson when he's not standing in front of a class imparting knowledge to young minds or conducting research?**

Mostly my time is spent with my family, and being the father of two young sons (aged 6 and 4) who keep me extremely busy.

- GCC is funded by the Canadian government and focuses on supporting "bold ideas with a big impact in global health".

# ACVV STELLENBOSCH

MERRIMANLAAN 172
WWW.ACVVSTELL.ORG.ZA
TEL: 021 8876959/021 8833015

## AKKERJAKKER CRECHè

VOLDAG VERSORGING
BABAS TOT KLEUTERS
GEBALANSEERDE ETES
OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME
OPGELEIDE PERSONEEL

## KLEUTERBOSCH PRE-PRIMêRE SKOOL MODEL GRAAD R SKOOL


GEKWALIFISEERDE ONDERWYSERESSE
WKOD SKOOL
CAPS KURRIKULUM
UITSTAPPIES
VOLDAG VERSORGING

## KINNER-KAMPUS NASKOOL

OPGELEIDE PERSONEEL
STUDIE-LOKAAL MET ONDERWYSERES
INTERNET TOEGANG VIR SKOOLTAKE
VERVOER VANAF SKOLE NA NASKOOL
AKTIWITEITE
VAKANSIEPROGRAMME
GEBALANSEERDE ETES

*ALLE AFDELINGS HET WONDERLIKE FASILITEITE EN BUITE SPEELTERREIN!!!*


Onthou om aansoek te doen om parkering op kampus vir 2013.
Hou die *Boschtelegram* dop vir meer inligting.



*Prof Johann Rohwer van die Departement Biochemie in die Fakulteit Natuurwetenskappe het op Donderdag 18 Oktober sy intreerede, getiteld Unravelling the Interconnections of Cellular Regulation, gelewer. Hier is Rohwer saam met prof Ingrid Rewitzky, Visedekaan: Onderrig in die Fakulteit Natuurwetenskappe, en prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor: Leer en Onderrig.*
Foto: JUSTIN ALBERTS




*In August, MFM 92.6 launched "Yes we CAN", a six-week initiative aimed at collecting 926 cans of food for Stellenbosch Feeding-In-Action through public donations. On 21 September, Rhodes Quality made an initial pledge of 400 cans to the initiative live on air. On the Drive Show it was announced to Liesel Koen, Manager of Feeding-In-Action, that a total of 1 696 cans had been collected during the campaign. Rhodes Quality contacted the studio during the handover and pledged a further 500 cans to the cause, which added up to 2 196 – more than double the initial goal. Here is Conrad Schwellnus, Station Manager of MFM, and Koen during the handover of the cans.*

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

**Townhouse for sale:** 3 Bedroom Townhouse in De Tyger. Ideal for students. 3km from Tygerberg campus. Call 082 979 4667.

**Fiets te koop:** 2010 Giant Dash 2 (medium) met "clip-on"-pedale. Einde 2010 gekoop. Uitstekende toestand. Is gereeld gediens en is feitlik net gebruik om vir 2011 en 2012 Argus te oefen en te ry. Baie goeie bande wat vir Argus 2012 vervang is. Prys: R5 500. Kontak: Adri Becker by 084 515 4010 of e-pos abe@sun.ac.za.

### VERBLYF / ACCOMMODATION

**Verblyf Stellenbosch:** Selfsorg-akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig, privaat. www.121jonkershoekroad.co.za. Kontak: 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

### SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

**Southern Suburbs – Stellenbosch:** Lift urgently needed. Working hours fairly flexible. Will contribute to petrol costs. Contact LR2@sun.ac.za or sms LIFT and your details to 076 977 7740.

**Strand – Stellenbosch:** Two working ladies at campus seeking lift club. Working hours: 08:00–16:30. Will contribute! Contact 079 509 3502 or mailto: rosman@sun.ac.za.

**Paarl – Stellenbosch:** Need lift from Paarl to Stellenbosch and back. Working Hours: 08:00–16:30. Contact Taryn on 079 885 8142 or ryn@sun.ac.za.

**Heldervue – Stellenbosch:** My werksure is 08:00 tot 16:30 (daagliks). Sal bydra tot petrolkostes. Kontak asb jl8@sun.ac.za of 021 808 4889.

**Strand – Stellenbosch:** Soek twee persone om saam te ry. Werksure 08:00–16:30. Eie vervoer noodsaaklik. Kontak: kvv@sun.ac.za of 021 808 3583.

**Noordelike voorstede (Goodwood/ Monte Vista/Panorama/Bellville omgewing) – Stellenbosch:** Saamryklub soek een of meer persone om saam te ry en te deel vanaf bogenoemde areas na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00 tot 16:30 (daagliks). Eie vervoer noodsaaklik. Kontak by rmalan@sun.ac.za of 082 779 7800.

**Noordelike voorstede (Vredekloof/ Stellenberg omgewing) – Stellenbosch:** Saamryklub soek een persoon vanaf Noordelike Voorstede om saam te ry na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00 tot 16:30 (daagliks). Eie vervoer noodsaaklik. Kontak by Irma_bester@sun.ac.za of 083 454 3852.